

DIE HUISGENOOT

Geïllustreerde Weekblad

Onder redaksie van J. M. H. Viljoen

Uitgegeve deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad

DEEL XXI, No. 794

11 JUNIE 1937

GEREGISTREER AAN DIE HOOF-
POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD

PRYS 4d.

Hou Ons Volkslied In Ere

'N VOLKSLIED word maar selde deur wetgewing verhef tot lied wat die hoogste nasionale strewe moet versinnebeeld as dit nie eers vanself 'n plek in die hart van die volk verower het nie. Ons kan die geval van *The Star Spangled Banner* noem, wat jare lank min of meer die amptelike volkslied van die Verenigde State was, maar nooit daarin geslaag het om die meer populêre *My Country tis of Thee* te vedring nie en eers onlangs deur wetgewing as volkslied erken is. So sou ons nog ander voorbeelde van volksliedere kan noem wat ondanks wettelike voorskrifte nooit ingeslaan het by die volk en dus nie volksliedere in die werklike sin van die woord geword het nie.

In ons eie geval het *Die Stem van Suid-Afrika* nog nie wettelike erkenning erlang nie, en die Eerste Minister het dus volkome gelyk gehad toe hy 'n rukkie gelede in die Volksraad verklaar het dat dit nog nie 'n uitgemaakte saak is of *Die Stem* die volkslied van die Unie is nie. Dit het egter reeds 'n sekere mate van erkenning verkry vanweë die aanbeveling van die F.A.K., wat dit na noukeurige oorweging deur 'n komitee van deskundiges uit talle van ingesonde liedere uitgekies het as die geskikste om as volkslied te dien. Maar belangriker nog as wettelike erkenning of aanbeveling deur die hoogste kulturele gesag in die land is die feit dat dit skyn asof *Die Stem* al meer en meer ingeburger raak by albei volksdele. Dit word byvoorbeeld dikwels op gesamentlike volksbyeenkomste naas *God Save the King* gesing en word elke aand saam met hierdie lied aan die end van die draadloos-program gespeel. Die treffendste geval van gelykstelling van *Die Stem* met die Britse volkslied deur ons owerheid, en dus 'n erkenning dat hy in werklikheid een van die volksliedere van die Unie is, het voorgekom by geleentheid van die kroningshulde in Londen, toe dit na die toespraak van ons Eerste

Minister gespeel is. Ook in Suid-Afrika is dit by geleentheid van die kroningsplegtighede meestal naas *God Save the King* gespeel, en hieruit blyk dus dat dit, of dit nou kragtens wet erken word of nie, die keuse is van die Afrikaans-sowel as die Engelssprekende deel van die volk; en daarmee skyn dit asof die moeilikheid om 'n lied te vind wat vir albei volksdele aanneemlik is, uit die weg geruim is.

doel dan ook, te sing of te speel nie, en allermens by bioskoop-vertonings, danspartye of selfs fuifpartye, soos dit die gewoonte is in ons land. Dit maak dikwels die indruk van spottery en is niks minder as heiligskennis om 'n lied wat bedoel is om die hoogste aspirasies van 'n volk te versinnebeeld, vir sulke doeleindes te gebruik nie. Afrikaners het al meermale beswaar daarteen gemaak dat die Britse volkslied in Suid-Afrika as slotitem op die program van haas elke soort van vermaaklikheid voorkom, en dit pas ons dus nie om vir die volkslied wat ons in die

Plaaslike Rade en Afrikaans

TERWYL die teleurstellende stryd oor die taalbeleid van die Radioraad aan die gang is en 'n mens byna laat wanhoop aan die gedagte of Afrikaans ooit in ons land tot sy reg sal kom, verskyn daar in die dagblaale berigte van mylpale wat bereik is deur stille maar getroue werkers op die agtergrond, wat weer moet gee vir die stryd. Ons doel hier op die besluit van die Kaapstadse skoolraad om voortaan sy notule om die beurt in Afrikaans en Engels te hou. Op 'n vergadering van die raad wat op 2 Junie plaasgevind het, is die notule dan ook vir die eerste keer in Afrikaans gelees. Ons wil die skoolraad van die Moederstad, en veral die klein aantal getroue handhawers en die ywerige sekretaris, gelukwens met hierdie besluit en die spoedige uitvoering daarvan.

Hierdie besluit van die Kaapse skoolraad val saam met die uitsending van 'n omsendbrief deur die Handhawersvereniging van Kaapstad aan skool-, afdelings-, stads- en hospitaalarade. In die brief word meer bepaald aangedring op Afrikaanse briefwisseling, onder andere met staatsdepartemente; maar daar word ook om inligting gevra insake die taalbeleid van sodanige plaaslike rade in die algemeen. As hierdie gegewens na waarheid verstrekkend word, twyfel ons of daar 'n derde van al hierdie liggame is wat die tweetaligheidsbeginsel ten volle handhaaf, laat staan so iets as notule alleen in Afrikaans hou. Ons weet wel van 'n stadsraad binne tagtig myl van Kaapstad waarvan die notule alleen in Afrikaans en die briefwisseling oorwegend Afrikaans is; maar aan die ander kant weet ons van rade van oorwegend Afrikaanssprekende dorpe in die omtrek van Kaapstad waarvan die verrigtinge byna uitsluitend in Engels geskied.

As die skoolraad van Kaapstad met 'n hele aantal lede wat nie Afrikaans kan praat of verstaan nie, die tweetaligheidsbeginsel kan handhaaf, en as die Kaapstadse stadsraad al sy gedrukte kennisgewings en rekeninge in albei tale en sy briewe aan partikuliere persone in hul moedertaal kan uitstuur, dan behoort dit vir plattelandse rade waarvan daar maar weinige lede is wat nie Afrikaans magtig is nie, 'n doodeenvoudige saak te wees om aan Afrikaans reg

(Vervolg op bladsy 111.)

DIE BLARE SPREEK

*Saans is dit dat die blare spreek
In nuwe woorde en sag en teer
Al prewelend die stilte breek,
Ons aandag tot die sterre keer.*

*Diep deur die nag word 'n verhaal,
'n Sprokie, glansend mooi, gedig.
Van blad na blaartjie gly die taal
En helder soos 'n straaltjie lig.*

*Ek het geluister, ure aaneen,
En op hul woordjies voortgespin
My eie sprokieslied. Alleen
Droom ek my droom, dan sluimer 'k in.*

DR. G. MES.

Daar rus egter 'n plig op ons om daarteen te waak dat hierdie lied nie misbruik word deur dit op allerhande ongepaste geleenthede te speel of te sing nie. Daardeur sal hy al gou sy dieper nasionale betekenis verloor en verneder word tot die posisie van 'n straatliedjie. Ons kan ons derhalwe nie vereenselwig met die besluit van sekere lede van die Vrystaatse Provinsiale Raad — hoe goed hulle dit ook bedoel het — dat *Die Stem* by bioskoopvertonings en dergelike openbare vermaaklikhede gespeel moet word nie. Dit pas nou eenmaal nie om 'n volkslied by elke moontlike plek waar 'n mengelmoes van mense byeenkom, vir watter

eerste plaas as ons eie beskou, iets te eis wat ons in die geval van *God Save the King* ongepas ag nie.

Ons wil derhalwe die hoop uitspreek dat die Vrystaatse Provinsiale Raadslede by nader oorweging sal afsien van hul besluit en hewer propaganda sal maak vir die afskaffing van die gebruik om die Engelse volkslied, wat in wese eintlik 'n gebed is, aan die einde van vermaaklikhede te speel, soos vandag die algemene gebruik is. Selfs Engelse het al meermale daarteen beswaar gemaak, dus kan dit Afrikaners nie ten kwade gereken word as hulle ook op vriendelike en besadigde wyse daarteen protes aanteken nie.